

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 5: Chayei Sarah (חיי שרה) – Die Lewe van Sarah

Sarah het honderd sewe en twintig jaar geleef. Dit was die lewensjare van Sarah. Gen. 23:1 – PWL¹

Torah: Gen. 23:1 tot 25:18

Haftorah: 1 Kon. 1:1 tot 31.

Nuwe Verbond: Matt. 2:1 tot 23; Heb. 11:11 tot 16.

God asks no one whether he will accept life. This is not the choice. The only choice you have as you go through life is how you live it – Meltzer

I can't change the direction of the wind, but I can adjust my sails to reach my destination – Jimmy Dean.

While we cannot stop the march of Bible prophecy, we can determine our place in it – Anonymous.

If we are to better the future we must disturb the present – Catherine Booth.

Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference – Anonymous

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 5 wat afgelaai kan word by: [Parashah5Notas14](#) en by [Parashah5Notas15](#).

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Midrash (Torah Bespreking)

Liefde Tot Die Dood Toe!

Sarah het honderd sewe en twintig jaar geleef. Dit was die lewensjare van Sarah. Sarah is dood in Kiryat-Arba (dorp van die reuse), dit is Hevron, in die land Kena'an en Avraham het gekom om oor Sarah te rou en oor haar te huil. Gen. 23:1 en 2 – PWL.

Abraham en Sarah se huweliksjaar is 'n voorbeeld van 'n huwelik volgens YHWH se standaard. Een van die belangrike boustone van 'n suksesvolle en gelukkige huwelik is die bereidwilligheid van beide die man en die vrou om te gee, sonder om iets terug te verwag. Elkeen moet bereid wees om te gee, omdat beide hulle huweliksmaat waarlik liefhet. Ware liefde gee alles en vra niks niks nie!

Die Hebreeus vir die woord *gee* is *natan* (נתן – *nun, tav, nun-sofit*) en is 'n palindroom ('n alkant-selfkant-woord) – 'n woord wat dieselfde van links na regs en van regs na links gespel en uitgespreek word. Die les hierin is die volgende: Dit wat jy gee sal jy altyd op een of ander wyse terugkry! Wat jy saai sal jy oes! En Yeshua self het gesê dat dit beter (saliger) is om te gee as om te ontvang (Hand. 20:35).

Ek (Paulus) het julle in alles gewys dat ons, deur so te werk, die swakkes moet help en die boodskap van ons Meester Yeshua moet onthou, dat Hy gesê het: 'Sy seën is vir hom wat gee, meer as vir hom wat ontvang'." (PWL).

In 'n gelukkige en suksesvolle huwelik is dit slegs die dood wat dit kan skei wat niks anders kan skei nie! Daarom het Abraham gekom om oor Sarah te rou en oor haar te huil (Gen. 23:1 en 2), want dit was slegs die dood wat hulle kon skei.


Ons matriarg, Sarah, het 'n keuse gemaak om aan YHWH se onderrig en instruksies gehoorsaam te wees, daarom word sy gereken as een van die geloofsreuse van die verlede soos ons in Heb. 11:11 tot 16 lees:

Deur vertrouwe het Sarah, wat onvrugbaar was, ook die vermoë ontvang om bevrug te word en toe sy oor die leeftyd was, het sy geboorte gegee, omdat sy seker was dat Hy wat dit beloof het, vertrouenswaardig is. Daarom is daar ook uit een wat gefaal het in ou ouderdom, soveel soos die sterre van die hemel en soos die sand aan die seestrand, wat nie getel kan word nie, gebore. In vertrouwe is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op 'n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is, want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle 'n stad soek. As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan, maar nou is dit duidelik dat hulle na 'n beter een verlang; na dit wat in die hemel is. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad voorberei. (PWL Vertaling)

Mag Sarah, en haar opvolger Rebekka, as voorbeeld vir alle vroue dien en mag elke man ook hieruit leer hoe om sy vrou lief te hê soos Abraham vir Sarah lief gehad het en Isak vir Rebekka! Liefde tot die dood skeiding maak!

Die Huweliksverbond

YHWH se verhouding met die mens is altyd 'n verbondsverhouding. Die verhouding in die huwelik is ook gebaseer op 'n verbond.



‘n Verbond word gesluit deur ‘n verbondseremonie waar elke handeling in die seremonie ‘n duidelike betekenis het. In die lig van die verbondseremonie, en die betekenis van elke handeling, behels die huweliksverbond die volgende. Beide man en vrou belowe mekaar:

- ❖ Alles wat ek is en besit is ook joune. Ek het jou lief soos jy is.
- ❖ Ek beskou jou as my gelyke. Ons staan nou voortaan in ‘n gelyke vennootskap met mekaar.
- ❖ Ek sal jou in alle opsigte (gees, siel en liggaam) en in alle omstandighede beskerm en ondersteun.
- ❖ Ek sterf aan myself en stel jou belange voor my eie. Ek het jou lief soos myself.
- ❖ Ek gee my ou lewe prys en ek begin ‘n nuwe lewe saam met jou. Ek kry ‘n nuwe identiteit as een vlees saam met jou.
- ❖ Ek sal alle moontlike pogings aanwend om in al jou behoeftes te alle tye te voorsien.
- ❖ Ek verstaan my verantwoordelikhede en aanspreeklikhede volgens die verbond wat ek met YHVH en met jou het, en ek sal te alle tye dienoooreenkomstige die beloftes en voorwaardes daarvan handel.

Die Skrifte praat van ‘n verbond op die horisontale vlak tussen twee mense, asook op die vertikale vlak tussen YHVH en die mens. Verbreking van die verbond op beide die horisontale en vertikale vlak word deur YHVH as ‘n baie ernstige oortreding beskou wat strafbaar is.

‘n Verbond is meer as net ‘n ooreenkoms (kontrak) tussen twee persone (partye); dit is die basis waarop ‘n verhouding tussen twee persone gebou word. ‘n Kontrak is ‘n selfsugtige ooreenkoms, want eie belange word beskerm, terwyl ‘n verbond ‘n onselfsugtige ooreenkoms is, want die belange van die ander party word bo jou eie belange gestel.

In die lig van bogenoemde is dit duidelik hoekom ‘n gelowige (wedergebore en dus verbondskind) nie met ‘n ongelowige moet trou nie, want die ongelowige staan nie in ‘n verbondsverhouding met YHVH nie.

Moenie saam met ongelowiges gejuk wees nie. Watter deel het onpartydige opregtheid met die oortreding van die wet en watter gemeenskap het lig met die duisternis?

Of watter ooreenstemming het Die Gesalfde Een met die teëstander; of watter deelname het die wat vertrou met die ongelowige?

Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: “Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My ‘n volk wees.”

“As gevolg hiervan,” sê יהוה, “gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang en Ek sal vir julle ’n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees,” sê יהוה, wat almal vashou. 2 Kor. 6:14 tot 18 – PWL.

‘n Huwelik is ‘n lewenslange verbintenis van toewyding aan mekaar – tot die dood skeiding bring. Met die sluit van die huweliksverbond is elke huweliksmaat elke oomblik van elke dag met mekaar getroud. Selfs in tye wanneer ons weens omstandighede nie bymekaar is nie, is ons steeds getroud! Alles wat ons doen, of dit by die huis, of by die werk en of dit vir ontspanning is, het ‘n impak op die huweliksverbond.

Bepeins of Bespreek

1. Liefde is ‘n wilsbesluit; die gevoel (emosie) is ‘n uitvloeisel van die wilsbesluit en kom later! Die huwelik van Isak en Rebekka is ‘n voorbeeld hiervan. Daarom lees ons in Gen 24:67 – *En Isak het haar in die tent van sy moeder Sara ingebring en Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar liefgehad.* Die Huwelik was die voedingsbron van liefde vir mekaar!
2. *True marital love is not a once-done, permanent thing. It is a growing, living and unfolding journey throughout one’s natural life* – Jerold Aust. Daarom: ‘n Huwelik vereis voortdurende positiewe insette om bevredigende uitsette te verkry. Dit is soos ‘n OTM waar jy net geld kan onttrek indien daar geld in jou bankrekening is. Hoeveel ‘deponeer’ jy in jou huwelik? Wil jy meer ‘onttrek’ as wat jy ‘gedeponeer’ het?
3. Die grootste oorsaak van egskeiding is selfsug! Die dinamika van ‘n paartjie wat verlief is, behels gewoonlik die volgende: Die man sien in die vrou iemand wat al sy emosionele behoeftes sal bevredig. So ook sien die vrou in die man iemand wat al haar emosionele behoeftes sal bevredig. Hoewel hierdie as die ideale vertrekpunt vir ‘n suksesvolle huwelik beskou mag word, moet daarop gelet word dat beide deur selfsug gemotiveer word, want dit gaan oor die bevrediging van eie behoeftes! Hoewel beide aanvanklik hulle liefde vir mekaar toon, is die werklikheid ‘n liefde vir die eie-ek, want beide het ‘n verwagting dat hulle huweliksmaat in alle behoeftes sal voorsien. Maar sou iets gebeur, of sou daar met verloop van tyd uitgevind word dat daar nie aan die verwagtinge voldoen word nie, loop die verhouding gevaar om te verbrokkel. Dit is dan wanneer daar dikwels iemand anders ontmoet word wat, so word geglo, beter aan die bevrediging van eie behoeftes sal voldoen.
 - Die enigste wyse wat hierdie probleem opgelos word, is wanneer die huwelik as ‘n verbondsverhouding geleef word, naamlik dit gaan nie oor eie behoeftes nie, maar oor die behoeftes van die huweliksmaat!

Nota:

‘n studie (kursus) oor die huweliksverbond kan afgelaai word by: [KursusHuwelikHersien](#)

Rebekka Die Bruid

En hulle het Rebekka geseën en aan haar gesê: Ons suster, mag jy duisende van tien duisende word, en mag jou nageslag die poort van sy vyande in besit neem! Gen. 24:60

Die wyse wat Rebekka geseën was, herinner ons aan die wyse wat YHWH vir Abraham geseën het nadat hy bereid was om Isak te offer.

Ek het by Myself gesweer, sê יהוה, omdat jy dit gedoen het en nie jou seun, jou uniek enigste, teruggehou het nie sal Ek jou in seënninge seën en jou nageslag in vermeerdering vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is en jou nageslag sal die poorte van hul vyande in besit neem. Gen. 2:16 en 17 – PWL.

Abraham is 'n sinnebeeld van YHVH en Isak 'n sinnebeeld van Yeshua en daarom kan Rebekkah beskou word as die sinnebeeld van Yeshua se bruid, naamlik die gemeente – die wat uitgeroep en afgesonder vir YHVH is. Daarom is dit gepas dat Rebekka se nageslag (die saad van Isak) die poorte van die vyand in besit sal neem.

Om die poort van die vyand in besit te neem moet gesien word in die lig van 'n ommuurde stad waar die enigste toegang die poort (hek) van die stad was. Wanneer die poort van die stad in besit geneem was, was die beheer oor die stad en sy inwoners verkry. Die vyand is oorwin!

In Matt. 16:18 lees ons wat Yeshua gesê het:

Ek sê verder vir jou: 'Jy is Kefa. Op Hierdie Rots sal Ek My vergadering van uitgeroepes bou en die hekke van Sh'ol sal nie daarteen kan staan nie (PWL).

Sh'ol (doderyk) is die graf en die plek van die dooies. Dit is nie die hel nie, soos dikwels verkeerdelik verklaar word. Daarom lees ons byvoorbeeld wat Jakob gesê het toe hy onder die indruk was dat Josef dood is:

En al sy seuns en al sy dogters het moeite gedoen om hom te troos, maar hy het geweier om hom te laat troos en gesê: Nee, treurende sal ek na my seun in die doderyk afdaal! So het sy vader hom dan beween. Gen. 37:35.

Ook het koning Hiskea gesê:

In die bloei van my dae moet ek heengaan in die poorte van die doderyk; ek word beroof van my orige jare. Jes. 38:10

Volgens hierdie en ander Skrifverwysings is die doderyk (Sh'ol) nie die hel nie! Die hel is die plek waar Satan, sy demone en volgelinge tuis hoort!

Die poorte van die doderyk (Sh'ol) is die poorte van die graf. Dit is dit wat die afgestorwenes in die graf hou. Maar Yeshua het gesê dat hierdie poort nie stand sal hou teen Sy Bruid (die gemeente) nie! Nee, Sy bruid sal die dood oorwin! Hulle sal deur die poorte van die graf bars en uit die dood opstaan! HalleluYah!!

Let op, Ek vertel vir julle 'n geheim: nie almal van ons sal doodgaan nie, maar ons sal almal verander word,

skielik, soos die knip van 'n oog, by die laaste ramshoring, wanneer dit sal blaas en die dooies onverganklik opgewek sal word en ons verander sal word,

want dit wat kan vergaan moet aangetrek word met wat nie kan vergaan nie en dit wat kan doodgaan moet aangetrek word met wat nie kan doodgaan nie

en wanneer dit wat vergaan aangetrek is met wat nie vergaan nie en dit wat doodgaan met wat nie kan doodgaan nie, dan sal die boodskap wat geskryf is, vervul word: "Die dood is ingesluk in die oorwinning."

"Dood, waar is jou angel? Sh'ol, waar is jou oorwinning?"

Die angel van die dood is die sonde en die krag van die sonde is die geskrewe wet,

maar dank God, wat ons die oorwinning gee deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een. Van nou af, my broers, vir wie ek lief is, wees standvastig; moenie geskud word nie, maar wees altyd oorvloedig in die werk van יהוה omdat julle weet dat julle werk in יהוה nie tevergeefs is nie. 1 Kor. 15:51 tot 58 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Vir die gelowiges in Yeshua as die Messias wat vergifnis van sonde en versoening met YHVH bewerkstellig het, is die dood slegs 'n tydelike skeiding. Dit is slegs 'n kwessie van tyd. Het die afgestorwenes 'n begrip van tyd of is dit net ons wat nog lewe, en wat deur die dood van 'n geliefde geskei is, wat YHVH se profetiese tyd dophou in afwagting van 'n herontmoeting?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.